

23 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-12

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-5

Die Here troos op 'n besondere wyse

'n Mens se omstandighede kan jou so oorweldig dat dit later al is wat jy raaksien en waaraan jy dink. Dit was die geval met die eerste lesers van hierdie brief. Hulle was 'n klein klompie gelowiges wat verspreid tussen heidene gewoon het. As gevolg van hulle geloof, is hulle wreed vervolgt (vgl 4:12) en het hulle baie moedeloos geword.

Die Here gebruik Petrus om hulle op 'n besondere wyse te bemoedig. Hy begin die brief deur hulle aandag van hulle omstandighede af weg te trek en hulle daarop te wys wat die Here reeds gedoen het, wat Hy nog steeds doen en wat Hy in die toekoms gaan doen. Só maak Petrus hulle oë oop om verder te kyk as net na hulle aardse bestaan.

Die Here het Hom oor hulle ontferm. Die bewys van sy ontferming is dat Hy sy eie Seun na die wêreld gestuur het. Hy het die dood ingegaan en deurgegaan en anderkant as Oorwinnaar uitgekóm. Deur sy oorwinning oor die dood, het Hy aan hulle 'n nuwe lewe gegee – 'n lewe met 'n toekoms. Daarom het hulle 'n lewende hoop op 'n erfenis wat vir hulle in die hemel bewaar word. Die Here bewaar hulle ook in die hede om dit in besit te neem.

'n Mens vind troos in jou omstandighede wanneer jy verby jou eie klein wêreldjie kyk en raaksien wat God gedoen het, nog steeds doen en gaan doen. Wanneer jou oë op Hom gerig is, kan jy met blydskap en hoopvol die toekoms ingaan.

Ds C Kruger (Nelspruit)